

AFDELING 2
HEIDELBERG – VANDAG
PLEKKE VAN BELANG

1. ARGITEKTONIESE KARAKTER

Om 'n betekenisvolle en ook praktiese bewaringstrategie vir Heidelberg op te stel was dit nodig om die karakter van die plaaslike argitektuur te probeer bepaal en te verstaan. Dit kan in die toekoms lei tot begrip by die vaslegging van riglyne vir beheersde groei.

'n Kennis van die argitektoniese karakter stel leidrade vir toekomstige bouwerk en veral vir invulling binne die bestaande en gevinstige dorpsvesel en verder dien dit as rekord van die dorp se argitektuurskatte op 'n gegewe tydstip.

1.1 DIE PLEIN EN DIE RUITPATROON

Die sterkste en mees opvallende kenmerk van Heidelberg - na die unieke ligging daarvan - is die sentrale plein en vaste ruitpatroon van die strate wat die natuurlike topografie skynbaar ignoreer en afgedruk is oor die heuwelrug en die vloei van die strome. Juis as gevolg van hierdie oorlegging van verlangde orde op die landskap, word 'n reeks ryk en individuele vistas geskep - op hulle beurt die onderbewuste ordenings- en oriënteringselemente in die dorp.

Die ruituitleg volg diè van ander Transvaalse Voortrekkerdorpe soos Potchefstroom, Pretoria en Schoemansdal en dui op die vertroude orde wat die (tot toe) nomadiese inwoners binne die wye en 'nuwe' landstreek gesoek en probeer vaslê het.

Die kerk, wat die rede vir die dorpstigting was, heers steeds oor die oop pleinruimte waar ossewaens tydens nagmaaldienste kon uitspan en dui aan wat die eerste en belangrikste beginsel van die stigters was. Hierdie ruimte word omring en gebaken deur Municipale geboue (Regering) en handelsgeboue wat ander redes vir die ontstaan van die dorp was.



Figuur 2.1 - Klipkerk, nadat die toering geval het.



Figuur 2.2 - Die Klipkerk, Plein en Ueckermannstraat.



Figuur 2.3 - Ueckermannstraat vanuit die Noorde.
(Africana-biblioteek)

Vanhier loop die strate reguit en seker na vier kante en orden 'n gemeenskap sonder dwingelandy op stewige en demokratiese wyse.

Soos die pioniershuis is die Voortrekkerdorp ook argetipies, 'n patroon afgedruk op die wye veld en streef die dorp na maksimum kontras met die natuur. Die Cartesiaanse ruitpatroon simboliseer rasionele orde en Republikeinse demokrasie, verwysend na die Romeinse ideaal en die praktiese Castra-uitleg (1).

Die kerk is sentraal en dit word ook in die silhoeët bevestig. Dit is 'n voorwerp in ruimte, baie soos in Hollandse en Noord-Duitse dorpe en sterk in kontras met die konsep van die Italiaanse piazza waar kerk en paleis grenselemente is en die stedelike ruimte van buite definieer.

In die Voortrekkerdorp is dit die administratiewe, kommersiële en opvoedkundige geboue wat die omtrek van die sentrale ruimte bepaal. Hierdie patroon is vasgelê in Heidelberg waar die plein die topografie, die ruitpatroon en die resulterende vistas domineer tot verheffing van almal.

Die plein bepaal die plasing van geboue, maar ook die skaal en vehouding van geboue tot mekaar en geboue tot straat. Om die plein is geboue hoofsaaklik dubbelverdieping en direk op die sypaadjie gebou. Wanneer die plein verlaat word, verander hierdie verhouding met meestal losstaande enkelverdieping geboue wat teruggesit is vanaf die straat en daarvan geskei is deur middel van erfmuur.

Hierdie patroon is vas en dwingend. Ten spyte van verandering, ontwikkeling en herbouing, bly dit die regulerende matrys waaraan alles anders ondergeskik is. Dit is slegs die heel nuutste ontwikkelings soos die groot winkelsentra wat poog om hierdie patroon te



Figuur 2.4 & 2.5 – Straatmure, Verwoerd- en Van der Westhuizenstraat.
(Africana-biblioteek)

vernietig deur onwelkome gate in die nougeweefde uitleg af te dwing.

1.2 STRAATMURE

'n Verdere kenmerk, waarneembaar op ou foto's van die dorp en in 1919 reeds beskryf en aangeprys deur niemand minder as Jacob Pierneef nie, is die erf mure wat straat van privaat eiendom skei en die ruitpatroon verder versterk (2). Eers gepak uit die vrylik beskikbare klip en later meer permanent opgebou en afgewerk, perk hulle strate en verduidelik die verskil tussen publiek en privaat.

In die straatmure kan verder twee duidelike tydperke uit die dorp se geskiedenis onderskei word. Die oorblywende weefsel uit die Transvaalse Republiek is konsentreer aan die westekant van die plein waar die ongelyke gepleisterde en ongepleisterde mure hierdie oorblyfsels karakteriseer. Na die oostekant is vele voorbeelde uit die laat-Victoriaanse en Edwardiaanse periodes met die bygaande giet- en smeeyster relings en ander patroonboekversierings tot die eiendomme, sommige waarvan nog in 'n baie goeie toestand, veral in van der Westhuizenstraat.

1.3 GEBOUE

Twee spesifieke tipes huise en begrip van huis-tot-street- belang kan onderskei word. Eerstens die stewige ingeslotte straatbeeld wat geskep word deur huise of kothuise wat vlak teen die straat staan en 'n private gedeelte agter die huis skep. Tweedens die oper en meer gebroke straatbeeld wat bepaal word deur meestal groter en meer selfbewuste of individuele losstaande wonings na die middel van die erf gebou op groter terreine. Hier word die straatruimte behou deur dit te definieer met mure en plantegroei.


Voetgangerstoegang is aksiaal tot die voorfasade of hoek en word aangedui deur 'n kenmerkende hek in die straatmuur. Voertuigverkeer is apart en na die een kant. Die veranda is 'n oorheersende element as oorgangsruimte of tweede drumpel tussen binne en buite. Verandadakke rus op kolomme (gietyster, hout, baksteen of voorafvervaardigde beton) en balustrademure verbind hierdie kolomme of dien as voetstukke daarvoor. Geboue op hoekerwe is dikwels deur 45 grade gedraai om die kruising in die patroon te benadruk of hulle rig 'n varandahoek daarheen met gewels na beide strate.

Daar is 'n deurlopendheid van vorm, elemente en materiale gebruik. Klip, gekap of ru, is die belangrikste materiaal vir plinte. In sommige gevalle is sandsteen gebruik en die plinte is dikwels later geverf. Veral by die losstaande huis is die plint 'n vaste gebruik.

Klip en ongepleisterde baksteen word aangetref, maar die oorheersende materiaal vir mure is baksteen en pleister, dikwels afgewys teen dekoratiewe klipdetail.

Vensters en deure in die ouer gedeeltes is nog van hout, maar die staalraamvenster is vandag meer algemeen. Die grootste fout wat met staalraamvensters gemaak word wanneer geboue opgeknap en 'moderniseer' word, is dat die verhoudings van die oorspronklike vensters ignoreer word. In die meeste van die ouer geboue was die vertikale eerder as die horisontale benadruk en die hele verhoudingstelsel van veral die kothuise word versteur deur hierdie beginsel te versmaai.

Gegolfde gegalvaniseerde plaatmetaaldakke (hierna genoem sinkdakke) is oorheersend en word gebruik vir gevormde tentdakke, skilddakke, eenvoudige saaldakke, afdakke en oor verandas.



Figuur 2.6 – Straatmure en plantegroei, Van der Westhuizenstraat.

1.4 PLANTEGROEI

'n Verdere bepalende kenmerk is die oorvloedige plantegroei wat straatbeelde en veral spruite vaspen en uitlig. Dit skep verder 'n algemene karakter van die dorp as groen oase waarbinne mense woon. Omdat die dorp, uitgesluit die sentrale gedeelte, steeds gekenmerk word deur enkelverdieping geboue, heers die plantegroei daarom en daaroor. Eike, Platane, Populiere en ander groot bome versterk die ruitpatroon, Wilgers die lope van die rivier en spruite.

1.5 GEVOLGTREKKING

Hierdie gevestigde patronen behoort in ag gehou te word met enige nuwe ontwikkeling of wanneer daar gepoog word om te bewaar. Waar veral van belang, soos in van der Westhuizenstraat, Verwoerdstraat, die Plein en Voortrekkerstraat moet die orde wat deur hierdie beginsels geskep word, erken en verhef word.

Maar, wat ookal die benadering was, strate is ingesluit deur of geboue, of mure en hierdie aspek moet uitgebuit en versterk word. Dié belangrike kenmerk word baie duidelik wanneer na die negatiewe gevolge gekyk word waar dit ignoreer is. So word veral die historiese kenmerke van Voortrekkerstraat vernietig deur die drie groot winkelsentra daarnaas, juis omdat die beperking van skaal en straatpatroon gebreek word en die straat laat oorvloei in parkeerterreine en ander betekenislose stedelike ruimtes.

'n Raamwerk vir die beheer van die ontwerp van nuwe geboue, aanbouings en veranderings aan bestaande geboue en die bewaring van die straatmure behoort opgestel te word om te sorg dat die stedelike integriteit en die argitektoniese karakter van Heidelberg nie alleen bewaar bly nie, maar uitgebou word in die toekoms. Hierdie

raamwerk sal moet staatmaak op die argitektoniese leidrade wat in Heidelberg self te vinde is en waarmee 'n begin hierbo gemaak is.

VERWYSINGS EN BIBLIOGRAFIE

1. LE ROUX, S.W. & HOLM, D. 1987. Die argitektuur van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Ongepubliseerde hoofstuk in te publiseerde boek oor die argitektuur van Suid-Afrika.
2. PIERNEEF, J.H. 1919. Ons boerehuise in Transvaal en hulle karakter. Die Boerevrou. Vol 2. April 1919. p5.

2. LYSTING VAN GEBIEDE, GEBOUE, PLEKKE EN ELEMENTE VAN HISTORIESE EN ARGITEKTONIESE BELANG

Die hoofdoel met die lysting is om te bepaal watter individuele plekke of elemente, of plekke in verhouding tot ander, bydra tot die historiese en argitektoniese karakter en kwaliteit van Heidelberg.

Daar is deurgaans gepoog om die historiese sowel as die potensiële kwaliteit van dorpsruimtes, konteks en geheelbeeld in ag te neem met die klassifikasie van strate, oop plekke, geboue, mure en plantegroei.


2.1 KRITERIA VIR KLASSIFIKASIE

Elke gebou, plek of element binne die gedefinieerde grense van die opname is individueel ondersoek en elkeen is agterna evalueer na aanleiding van die volgende kriteria:

1. Argitektoniese kwaliteit en inherente ontwerpgehalte.
2. Historiese assosiasie of ouerdom.
3. Konteks of belang as bydraende faktor in omgewing.
4. Integriteit, fisiese toestand en moontlikheid van voortgesette gebruik.

Daar is na die geheelbeeld eerder as die detail gesoek en puntestelsels vir die 'objektiewe' bepaling van belang is na ondersoek verwerp. Alhoewel die oordeel van die evaluateerders hulle soms in die steek mag laat of eie voorkeure vooropgestel kan word, is hierdie lys van evaluateerde plekke 'n afspringplek en nie die finale kategorisering van die mensgemaakte bouwerk van Heidelberg nie.

Klassifiseerde en klassifisering moet steeds en verkieslik oopbly vir verdere interpretasie en deurlopende besluitneming. Die argument gaan nie om die



Figuur 3.1 Plekke klassifiseer as onvervangbaar: Klassifikasie 1 & 2

gelyke behandeling van bestaande individuele plekke nie, maar eerder om die bepaling van kwaliteite wat saam die toekoms ingeneem kan word - en dit vereis kreatiwiteit en aanpasbaarheid, eerder as vasgelegde stelsels en onveranderlike regulasies.

2.1.1 Sewe klassifikasies word in die verslag onderskei:

1. Onvervangbare plekke

Geboue of elemente van Nasionale of Provinsiale belang; onvervangbare voorbeeld van die Suid-Afrikaanse of Transvaalse geboude erfenis; geboue, oop ruimtes en voorwerpe wat 'n duidelike en onvervangbare beeld van die geheelkarakter van Heidelberg skep of help skep.

Hulle is reeds Nasionale Gedenkwaardighede of daar word aanbeveel dat hulle sodanig verklaar word of op die Nasionale Register geplaas word. Alternatiewelik kan die Stadsraad self oorweeg, na onderhandelinge met die eienaars, om tot die stap van beskermende maatreëls oor te gaan. Statutêre beskerming is noodsaaklik. Die klassifikasie 1/M verwys na Nasionale Gedenkwaardighede; 1/R na die Nasionale Register.

2. Plaaslik onvervangbaar

Geboue, plekke en elemente wat 'n onvervangbare argitektoniese of historiese bydrae tot die dorp maak. Dit sluit goedbewaarde voorbeeld van spesifieke style of tipes in, sowel as sommige individueel belangrike geboue wat vandag verander of beskadig mag wees, maar waarvan die oorspronklike integriteit nog duidelik identifiseerbaar en herstelbaar is. Bewaring, beskerming en in sommige gevalle restourering is noodsaaklik.

3. Karakter en skaal

Geboue en elemente, meestal in groepe, wat redelik bewaar en ongeskonde is; goeie voorbeeld van die plaaslike styl en stylaanpassings, skaal of erfplasing; soms baie verander, maar veral waarde het as deel van 'n groep en so help om 'n bewaringsgebied te definieer of te bind. Beskerming, veral in die geval van groepe, nodig.

4. Verteenwoordigende plekke

Geboue en elemente wat soms baie verander is en in redelike isolasie van ander plekke staan, maar steeds goeie voorbeeld is wat met sorg behandel moet word; hulle maak in die meeste gevalle geen of nie 'n essensiële bydrae tot die kwaliteit of karakter van die gebied nie. Oorwoë beskerming en veranderings.


5. Ongelyste plekke

Geboue, elemente of plekke wat nie bydra tot die karakter van die gebied nie, wat in sommige gevalle selfs afbreuk doen daaraan, maar om praktiese en finansiële redes nie as afbrekend klassifiseer kan word nie of ook neutraal tot die gebied staan. Geen beskerming nodig nie.

Dit moet duidelik gestel word dat alle geboue wat nie hierna in die klassifikasielys verskyn nie, nie outomaties as ongelys en gevolglik onbelangrik beskou moet word nie. In sommige gevalle sal ongeklassifiseerde plekke in waarde kan toeneem indien ander naby hulle bewaar en verbeter word of nuwe en simpatieke ontwikkelings bande tussen hulle en klassifiseerde weefsel begin skep. Sou die gees van die bewaring van die kwaliteit van die dorp se fisiese



Figuur 3.2 - Pretoriusstraat 85-87.



Figuur 3.3 - Van der Westhuizenstraat.

1 2 3

weefsel na die Heidelberger begin deurtrek, sou dit in veel meer gevalle verder moontlik wees om nog baie geboue uiteindelik op die lys te plaas - indien hulle met kundigheid en strewe in die karakter herweef (wil) word.

6. Afbrekende plekke

Geboue, mure, oop gebiede en elemente wat die karakter van veral defineerbare belangrike straatbeelde of gebiede skaad deur hulle plasing, skaal of onsimpatieke artikulering en skakeling met die oorheersende konteks. Daar moet gestreef word om hierdie plekke te verander en te herweef met die vesel waarop hulle inbreuk maak.

7. Potensiaal

Daar sal in verskeie gevalle opgemerk word dat ook die potensiaal van 'n plek geklassifiseer is. Dit is gewoonlik veel hoër as die gebou wat tans daarop voorkom en dui aan dat, hoewel die huidige gebou onbelangrik of afbrekend mag wees, toekomstige bouwerk op die terrein met die grootste omsigtigheid, kundigheid en visie behoort te geskied. Dit geld veral vir terreine in bewaringsgebiede.

2.2 VAN DER WESTHUIZENSTRAAT

Van al die dorp se strate beskik van der Westhuizenstraat, tussen Jordaanstraat en die brug oor die spruit, oor die beste en besbewaarde historiese en argitektoniese groepsoorblýfsels uit Heidelberg se verlede. Verder bepaal die straat duidelike riglyne waarmee gewerk kan word om die kwaliteit daarvan te behou, te verhef en uit te brei na ander dele van die dorp.


Die straat loop langs die helling van die hang, weg van die Suikerbosrand en 'sluit' as gevolg van die topografie by die spruit om 'n voltooide stedelike ruimte te vorm. Alhoewel daar groot gapings in die wande van hierdie ruimte voorkom, is dit moontlik om dit te hestel sonder dramatiese ingryping, bywette of duur metodes.

Hierdie straatwande word deur geboue, meestal woonhuise, en plantegroei definieer. Twee tipes huise kan onderskei word (dit geld vir die hele dorp). Eerstens die groot, alleenstaande woonhuis na die middel van die erf gebou en binne 'n (eens) goed ontwikkelde tuin. Die geheel word van die straat afgesluit deur middel van 'n straatmuur of heining.

'n Tweede huistipe is die kothuis, gewoonlik naby die straat as 'n muur opgerig wat die private agtertuin afskerm. Hierdie huise is meestal simmetries, veel kleiner en eenvoudiger as die losstaande huis, en vorm dikwels groepe wat die straatruimte direk perk. Hulle word bereik deur die straatmuur en veranda.

Deurlopend is die straatmuur wat publieke en private domeine sonder enige twyfel vaspen en verduidelik. Hierdie mure is geensins eenders of vervelig nie, maar ryk aan variasie binne die skynbare eenvormigheid van skaal, materiaal en hoogtes. Kenmerkend is die patroon van kolom, lae verbindingsmuur en ysterbowerk of andersins die soliede muur uit klip of gepleisterde steenwerk.

Soos ook ou foto's getuig, was (en is) hierdie afbakening van eiendomme een van die sterkste kenmerke van die vroeë dorp. Dit is vandag nog so alhoewel latere draadheinings of kitsbetonmure in die konteks begin vreet en die deurlopendheid van die mure verbreek het.



Figuur 3.4 – Van der Westhuizenstraat.



Plekke klassifiseer van 1 tot 4



Plekke wat spesiale aandag vereis om die straatbeeld te herstel en waar dit op eenvoudige wyse gedoen kan word

Die voorgestelde pragmatische benadering tot die bewaring en uitbouing van die kwaliteit van Heidelberg behoort in hierdie straat toegepas te word, juis omdat die kans op sukses so groot, en die noodsaaklike koste so klein is. Daar sal opgemerk word dat die sterkste aanbevelings diè van die herstel van die straatmure en straatruimte is.

Die straat is naby genoeg aan die sentrum om die geheelbeeld te help verstewig en ver genoeg om onsimpatieke ontwikkeling vry te spring. Indien die kwaliteit van van der Westhuizenstraat nie bewaar en versterk kan word nie, is die kans op enige bewaring in die dorp nie baie rooskleurig nie.


2.2.1 Algemene aanbevelings:

Daar word voorgestel dat van der Westhuizenstraat tot 'n bewaringsgebied verklaar word en dat onmiddellik 'n begin gemaak word met die heel eenvoudigste optrede vir die verbetering daarvan.

Die belangrikste voorstel is dat die straatmure, waar enigsins moontlik, in die gapings ingebou moet word. Kyk spesifieke aanbevelings hierna. Nuwe mure behoort die identifiseerbare patroon van bestaande mure te volg en dit is nodig dat hulle na deeglike ondersoek vir die hele straat ontwerp moet word deur 'n kundige argitek

Spesifieke voorstelle word vir elke betrokke eiendom gemaak ten opsigte van die geboue daarop. Enige toekomstige bouwerk op veral leë erwe, veranderinge en aanbouings behoort in die hande van ontwerpkonsultante gelaat te word.

Die westekant van die straat het die swaarste onder die tyd deurgeloop. Daar word voorgestel dat die dubbele ry Toskaanse Populiere wat op erf 2674 voorkom, na beide



Figuur 3.5 Van der Westhuizenstraat.

kante oor die lengte van die straat uitgebrei word om gapings te vul.

Hierdie is praktiese en in sommige gevalle tussentydse maatreëls wat getref kan word. Dit impliseer nie groot onkostes nie. Dit sal die straat sodanig herstel dat oorgenoeg leidrade vir verdere ontwikkeling identifiseerbaar is en van der Westhuizenstraat toelaat om saam met Heidelberg die toekoms in te groei.

Spesiale aandag moet geskenk word aan die noordelike punt van die straat waar dit in Jordaanstraat begin; by die kruising met Verwoerdstraat en aan die einde van die bewaringsgebied by die spruit.

2.3 VAN DER WESTHUIZENSTRAAT: OOS

Erfnommer: 1/152

Straatnommer: 1-3



Eenvoudige gewelhuis met toegebonde dele onder afdak en oop veranda; hoë wit geverfde pleistermure bo klipplint; versierde balustrademuur. Alle detail prakties en eenvoudig. Buitegebou (motorhuis) met klipwerk dado, wit pleisterbowerk en ry dakvensters onder swart sinkdak. In goeie toestand. Landmerk as eerste gebouegroep by ingang vanaf ou N3. Los groepwaarde.



Aanbevelings: Bou straatmuur om by karakter van ander straatmure in Van der Westhuizenstraat te pas; hou huis in stand met normale aandag.

Klassifikasie: Huis 3; straatmuur 6.

Erfnommer: (1552) 18/-

Straatnommer: 5-7



Enkelverdieping woonhuis met gelerige mure, staalvenster- en deurrame en swart betonteëldak. In goeie toestand. Voorafvervaardigde beton straatmuur.

Aanbevelings: Bou straatmuur.

Klassifikasie: Huis 5; straatmuur 6.

Erfnommer: RE/45

Straatnommer: 9-11



Hedendaagse huis met pleistermure, staalvensters en sinkdak; los buitegeboue.

Aanbevelings: Bou stewige straatmuur en voeg digter beplanting tussen muur en huis in. Bestaande ystertraliewerk kan in nuwe muur inkorporeer word en dit kan moontlik die patroon van die straatmuur van erf SE/45 volg.

Klassifikasie: Huis 5; straatmuur 6.

Erfnommer: SE/45

Straatnommer: 13-15



Stewige siersteenhus met gewels na beide van der Westhuizenstraat en Pretoriusstraat en oop veranda na die hoek; hoë sinksaaldak en erkervensters in gewels; pleister lyswerk. Straatmuur van gekapte klip, pleisterkolummetjies en smeeystertussenwerk. Tradisie wil dat die klip vir die plint afkomstig is vanaf die Klipkerk se toering wat ingestort het. In redelike toestand.

Aanbevelings: Ondersoek huis, bepaal belangrikste defekte, herstel en hou in stand.

Klassifikasie: Huis 3; straatmuur 3.

Erfnummer: -/73
 Straatnummer: 17-21



Enkelverdieping verandahuis; pleistermure, klipplint en ongeverfde IBR plaatmetaaldak. Uitstaande voorbeeld van stoepveranda strek om twee kante; balustrademuur geverf. Buitegebou.

Aanbevelings: Bou straatmuur.

Klassifikasie: Huis 3; gebrek aan straatmuur 6.

Erfnummer: 73
 Straatnummer: Begeman 29-31



Enkelverdieping woonhuis; wit geverfde betonblokmure, staalvensters en siersteenplint. Buitegebou.

Aanbevelings: Bou straatmuur en verdig beplanting tussen straat en huis.

Klassifikasie: Huis 5; gebrek aan straatmuur 6.

Erfnummer: RE/74
 Straatnummer: Begeman 27



Enkelverdieping woonhuis; pleistermure en ruklipplint. Sinkdak met ventilators en houtwindvere. Goeie toestand.

Voorafvervaardigde betonmuur.

Aanbevelings: Vervang voorafvervaardigde betonstraatmuur met muur om by konteks in te sluit. Groepswaarde met huise in van der Westhuizenstraat.

Klassifikasie: Huis 4; straatmuur 6.

Erfnommer: 98

Straatnommer: 25-31



Uitstekende voorbeeld van die losstaande tipe woonhuis na die middel van die erf gebou. Enkelverdieping met sandsteenplint, pleistermure en wit geverfde kalfstandlys. Gewels met spitsversiering, windveer met figuursaagwerk en spitstoring oor ingang. Sinkdak met netjiese geutwerk en afleipype en ventilators by dakspits. Gietysterveranda aan twee kante na straathoek, houtbalustrade en figuursaagwerk.



'n Ryke versameling van die vorms, elemente en detail gewild teen die einde van die Victoriaanse era. In goeie toestand.

Pragtige voorbeeld van smeeysterheining langs twee straatgrense met hoekhek waarheen hoofingang gerig is. Klompie eikebome langs van der Westhuizenstraat en agter in erf. Dit was die pastorie van die Klipkerk in die tyd dat A G Visser oorkant gewoon het.

Aanbevelings: Ondersoek moontlikheid van die verklaring van dié woonhuis tot Nasionale Gedenkwaardigheid. Brei eikegroep langs Begemanstraat uit en verseker gesondheid van bestaande eike. Ontwikkel tuin.

Klassifikasie: Huis 1/M; straatheining 1/M of 1/R.

Erfnommer: B/122

Straatnommer: 33-37



Enkelverdieping woonhuis met gekapte klipplint, pleistermure, ventileerde sinkdak, veranda met balustrademuur, kolomme en rooi granostoep. Prominentे erkervensters met houtskuifframe. Tipiese straatmuur bestaande uit kort kolommetjies, lae verbindingsmure en smeeysterwerk langs van der Westhuizenstraat; klipmuur



in goeie toestand langs Verwoerdstraat. Pragtige buitegebou en goed uitgelegde tuin met een palmboom.



Landmerk. Historiese belang as huis van A G Visser. Vorm saam met die huis op erf 98 oorkant Verwoerdstraat en hulle straatheinings en mure die 'poort' langs Verwoerdstraat na die plein. Belangrik as deel van groep wat vanaf Pretoriusstraat tot by die spruit strek.

Aanbevelings: Bewaar en ondersoek moontlikheid van verklaring tot Nasionale Gedenkwaardigheid. Plant palmboom aan anderkant van ingangspaadjie in lyn met bestaande.

Klassifikasie: Huis 1/M; straatmure 1/R of 2.

Erfnommer: A/-122

Straatnommer: 39



Enkelverdieping kothuis met sygewels, pleistermure; veranda op kolomme sonder balustrade; aanbouing onder afdak agter; vlak teen die straat gebou in die tradisie van hierdie kleiner huise en met aanbouings in tipiese trant. Klipmuur langs Jacobsstraat en draadheining langs van der Westhuizenstraat. Los buitegebou.

Aanbevelings: Bewaar en knap klipmuur op; neem klipmuur om hoek langs van der Westhuizenstraat met toegangshekkie reg in lyn met voordeur. Staalvensters kan vervang word met houtvensters van die aanvaarde verhoudings. Plant nog sypresbome binne en om die bestaande groep.

Klassifikasie: Huis 3; klipmuur 1/R; draadheining 6.

Erfnommer: RE 122

Straatnommer: Jacobs 29



Enkelverdieping woonhuis met gekapte klipplint, pleistermure, ventileerde gebroke saaldak, gewelspitsversiering en erkervenster. Mooi tuinmuur. Groepsbelang met A/122.

Aanbevelings: Beskerm.

Klassifikasie: Huis 4; straatmuur 2.

Erfnommer: RE 148

Straatnommer: 41-43



Enkelverdieping losstaande woonhuis onder ventileerde staandak en veranda aan twee kante met gewels en verandapedimente na beide strate. Hoofgewel en toegang rig na die hoek van van der Westhuizenstraat en Jacobsstraat en is moontlik 'n voorloper van die kenmerk van hoekhuise in die latere Heidelberg, dit is dat die hoek van strate erken word deurdat die huise na beide strate (wil) rig. Mooi groep buitegeboue en straatheining, heeltemaal in gees met dié van die omgewing. Dit verander in 'n eenvoudige gepleisterde straatmuur langs Jacobsstraat. Tipologiese en groepsbelang.

Aanbevelings: Bewaar en vervang steurende elemente soos staalvensters indien moontlik. Beskerm groot bome op erf en langs Jacobsstraat.

Klassifikasie: Huis 2; straatheining en muur langs Jacobsstraat 2.

Erfnommer: RE-/148

Straatnommer: 45-47

Groot enkelverdieping woonhuis, moontlik oorspronklik tipiese kothuis (in pas met die ander langs die straat) wat later uitgebrei is na die oostekant sodat